Tafelberg Fotografieklub

Die klub is op 20 Augustus 2005 met 16 lede gestig. Jan Swiegers, 'n Sanlammer, het sy idee met 'n paar vriende gedeel en dit het soveel byval gevind dat daar dadelik tot aksie oorgegaan is met die stigting van die klub. Die klub is ge-affilieer by die PSSA (Photographic society of South Africa) en is ook gedurende 2008 ingelyf as een van Sanlam se amptelike buitemuurse klubs, maar behou die naam Tafelberg Fotografieklub. Aan die einde van 2009 het die ledetal tot 87 gegroei.

Die doel van die klub is om 'n omgewing en geleenthede te skep waar mense met 'n belangstelling in fotografie hul passie kan uitleef, eksperimenteer, inligting onderling met mekaar deel en hul kennis kan verbreed. Die lede verkeer gereeld sosiaal, neem aan kompetisies deel asook 'n jaarlikse uitstalling. Die uitstalling vind jaarliks plaas in die Sanlam kunsgalery.

Lede vergader tweeweekliks op 'n Dinsdagaand by Chrismar Villas, Jessiestraat, Bellville (oorkant Bellville Hoërskool). Die jaarprogram bestaan uit maandelikse kompetisies met 'n vaste tema wat afgewissel word met besprekingsessies of werkswinkels. Uitstappies word ook van tyd tot tyd gereël waartydens die lede saam kan gaan foto's neem, sosiaal kan verkeer en van bymekaar leer.

Die klub neem jaarliks deel aan die Wes-Kaapse Interklub-kompetisie. In 2009 het 9 fotografieklubs uit die area teen mekaar meegeding. Verder neem die klub ook deel aan die PSSA se jaarlikse Interklubkompetisie. Van die klub se lede het al groot suksesse behaal in verskeie nasionale en internasionale Salon kompetitsies.

Ons klub het in April 2010 ons 1ste Nasionale Digitale Salon met groot sukses aangebied.

****

<u>Tafelberg Photography Club</u>

The club was founded on 20 August 2005 with 16 members. Jan Swiegers, 'n Sanlam employee shared his idea with a few friends. It was received with such enthusiasm that they immediately went into action and created the club. The club is affiliated with the PSSA (Photographic society of South Africa) and became one of Sanlam's official clubs in 2008 but kept it's name – "Tafelberg Photography club". At the end of 2009 the club had 87 members.

The objective of the club is to create an environment where photographers could share their photography passion, experiment, share information, broaden and share their knowledge. The members have social events, take part in competitions as well as an annual exhibition. The exhibition takes place in the Sanlam Art Gallery.

Members meet every 2nd week on a Tuesday at Chrismar Villas, Jessie Street, Bellville (across Bellville High School). The annual program consists of monthly competitions with a set theme, discussion sessions as well as workshops. Excursions also take place from time to time which gives the members the opportunity to take photographs together as well to learn from each other.

Our club participate in the annual Western Cape Interclub competition. Last year 9 clubs took part in this competition. The club also takes part in the annual PSSA Interclub competition. Some of our members have excelled in national and international Salon competitions.

Our club presented our 1st Digital National Salon with great success in April 2010.